# Bepalings en Voorwaardes

1. DEFINISIES:
1.1 Die Kredietgewer is: Samba Koöperatief Beperk te Charlotte Maxekestraat 146, Bloemfontein;
1.2 Die Kredietopnemer is: Die persoon(persone) wat aansoek doen om Samba lidmaatskap en 'n kredietfasiliteit, die kwotasie aanvaar en wie geregtig is om die Sambakaarte gebruik om van die verskaffer, soos hierin gedefinieer te koop. Die Kredietopnemer is ook die verbruikers soos verwys na in die Wet.

1.3 Aankooplimiet: Die maksimum bedrag wat die Kredietgewer die Kredietopnemer toelaat om in enige handelsperiode ingevolge die kwotasie soos aanvaar deur die Kredietopnemer met sy/haar Sambakaart by die verskaffers te spandeer.

1.4 Handelsperiode: Die handelsperiode neem in aanvang op die 16de dag van elke opeenvolgende maand en verstryk op die 15de dag van die daaropvolgende maand, of enige ander datum soos vasgestel deur die Kredietgewer se Direksie;

1.5 Betaaldatum: Voor of op die 5de van elke maand wat volg op die afsluiting van die handelsperiode in die vorige maand. Indien die 5de op 'n Saterdag, Sondag of vakansiedag val, sal die eerste daaropeenvolgende werksdag die laaste betaaldag wees.

1.6 Die Verskaffer: Enige verskaffer van die goedere en/ of dienste met wie die Kredietgewer kontrakteer het, as benoemde verskaffer aan die Kredietopnemer.

1.7 Die Wet: Die Nasionale Kredietwet, No 34 van 2005 (soos gewysig)

1.8 Skriftelike Kennisgewing: 'n Kennisgewing wat deur die Kredietopnemer persoonlik, per geregistreerde pos, per epos of faks aan die Kredietgewer gelewer is of vice versa.

1.9 Die kwotasie: Die geskrewe kwotasie (kredietlimiet) voorsien ingevolge hierdie kredietooreenkoms soos vereis deur die Wet, welke kwotasie deel van die ooreenkoms tussen die Kredietgewer en Kredietopnemer word sodra dit skriftelik of mondelings deur stemopname deur die Kredietopnemer aanvaar word of by aanwending/ benutting van die kaart deur die Kredietopnemer.

1.10 Die Statuut: Die geregistreerde Akte van Oprigting e Statuut van die Kredietgewer as Koöperasie.

1.11 Rekeninglimiet: Die maksimum bedrag wat die Kredietgewer die Kredietopnemer toelaat wat sy/haar totale Sambarekening mag beloop, welke bedrag insluit die maandelikse aankope volgens die Kredietopnemer se aankooplimiet, bedrag tov korttermynversekering, langtermynversekering, munisipale rekeninge wat die Kredietopnemer via sy/haar Sambarekening betaal asook alle voorsieningsfondsbydraes, lenings-, AVOen begrotingspaaiemente wat teen die Kredietopnemer se maandstaat gedebiteer word.

2. GEBRUIK VAN KAART:

2.1 Die gebruik van 'n Sambakaart is onderhewig aan die voorwaardes hierin vervat:
2.1.1 Die gebruik van die kaart word beperk tot die kaarthouers (die Kredietopnemer en die persone aan wie addisionele kaarte op versoek van die Kredietopnemer uitgereik is). Die Kredietopnemer is verantwoordelik vir die aankope wat op enige van die kaarte wat ten aansien van sy/haar rekening uitgereik is, gemaak word.
2.1.2 Die kaarthouer moet die kaart by ontvangs in die toepaslike ruimte met 'n balpuntpen onderteken.
2.1.3 Die kaart bly die eiendom van die Kredietgewer en die Kredietopnemer moet enige kaart wat op sy/haar versoek op sy rekening uitgereik is op aanvraag aan die Kredietgewer terugbesorg.
2.1.4 Die kaarthouer mag nie afstand doen van enige van sy/haar regte of verpligtinge ten opsigte van die kaart en/of gebruik daarvan of dit oordra nie.
2.1.5 Die goedgekeurde maandelikse aankoop- en rekeninglimiet mag nie sonder die Kredietgewer se toestemming oorskry word nie. Indien die limiet bedrag egter oorskry word, is die Kredietopnemer nogtans aanspreeklik teenoor die Kredietgewer vir die betaling van die volle rekening.

2.2 Die volgende koste sal verhaal word deur die Kredietgewer:
2.2.1 5 aandele van R1.00 elk (eenmalig)*
2.2.2 'n Administratiewe fooi of kaartfooi wat jaarliks vasgestel word. Die administratiewe fooi of kaartfooi per kaart vir 2023 is R312.00*.

2.2.3 Kaartfooi by vervanging is R25.00*.

2.2.4 Die posgeld van 'n kaart beloop R39.70*.

*2.3 Die gebruik van 'n Sambakaart deur die Kredietopnemer is beperk tot die aankoop van goedere by 'n Samba verskaffer of vir die betaling van dienste gelewer deur 'n Samba verskaffer. Indien die Sambakaart vir enigiets buiten bogenoemde gebruik word, sal dit 'n ongerymdheid daarstel.*

*2.4 Indien die Kredietopnemer sy/haar Sambakaart aanbied by 'n verskaffer met wie die Kredietgewer nie gekontrakteer het nie, verleen die Kredietopnemer hiermee aan die Kredietgewer toestemming om sy/haar kontakbesonderhede aan die verskaffer beskikbaar te stel ten einde die verskaffer in staat te stel om alternatiewe betaling van die betrokke transaksie met die Kredietopnemer te reël.*

*3. BESKERMING VAN KAART:*
*3.1 Die Kredietopnemer moet voorsorgmaatreëls tref ten einde verlies en/of diefstal van die kaart/e wat op sy/haar rekening uitgereik is te verhoed.*

*3.2 By verlies of diefstal van die kaart/e of die gebruik deur 'n ongemagtigde persoon of indien die Kredietopnemer enige rede het om te vermoed dat enige van die bovermelde gebeurtenisse plaasgevind het, moet die Kredietopnemer vir die Kredietgewer onmiddellik daarvan in kennis stel. Indien kennisgewing mondelings geskied kan die Kredietgewer vereis dat sodanige kennisgewing skriftelik bekragtig word alvorens 'n vervangende kaart uitgereik kan word.*

*3.3 In geval van diefstal of verlies van die Sambakaart/e, of indien die Kredietopnemer bewus word daarvan dat die Samba kaart/e deur 'n ander persoon as die kaarthouer gebruik word, is die Kredietopnemer verplig om Nedbank, die agent van die Kredietgewer, by Tolvrye nommer 0800110929 summier daarvan in kennis te stel.*

*3.4 Die Kredietopnemer neem kennis en aanvaar dat dit sy/haar plig is om die kaart of kaarte in bovermelde geval aan te meld soos uiteengesit in paragraaf 3.3 en dat die Kredietopnemer steeds verantwoordelik sal wees vir enige en alle aankope wat met die kaart/kaarte gedoen word indien die Kredietopnemer nie die kaart/e aanmeld soos vereis in paragraaf 3.2 en 3.3 nie.*

*4. REKENINGSTATE:*

*4.1 Die Kredietgewer sal maandeliks 'n rekeningstaat aan die Kredietopnemer lewer by wyse van pos of e-pos, volgens die voorkeur van die Kredietopnemer.*
*4.2 Die Kredietopnemer is verplig om seker te maak dat hy/sy 'n maandstaat ontvang en, indien nie, is dit sy/haar plig om die Kredietgewer in kennis te stel. Indien die Kredietopnemer nie 'n maandstaat ontvang het nie vir watter rede ookal, gee dit nie aan hom/haar die reg of rede om nie te betaal wat op daardie tydstip aan die Kredietgewer verskuldig of betaalbaar is nie.*

*4.3 Dit is 'n spesifieke voorwaarde van hierdie ooreenkoms dat die Kredietopnemer sy/haar maandstaat nagaan om seker te maak dat dit korrek is en al die transaksies bevat.*

*5. BALANSSERTIFIKAAT*
*5.1 'n Balanssertifikaat, geteken deur die Kredietgewer (of sy agent, wie se aanstelling, kwalifikasie en/of magtiging nie bewys hoef te word nie), wat die bedrag uiteensit van die Kredietopnemer se verskuldigheid aan die Kredietgewer op die datum van die sertifikaat, sal:*
*5.1.1 Prima facie bewys wees van die Kredietopnemer se verskuldigheid aan die Kredietgewer van die bedrag op die sertifikaat aangedui, en;*

*5.1.2 Prima facie bindend wees op die Kredietopnemer in enige verrigtinge ingestel deur die Kredietgewer in enige bevoegde Hof om vonnis teen die Kredietopnemer te bekom.*

*6. EISE EN GESKILLE:*
*6.1 Indien die Kredietopnemer enige foute of onreëlmatighede in verband met die rekening ondervind, moet die Kredietopnemer voor die 2de van die volgende maand dit onder die Kredietgewer se aandag bring. Indien die fout deur 'n Verskaffer gemaak is, moet die saak direk met laasgenoemde opgeneem word en versoek word dat sodanige regstelling gedoen word. Samba kan nie onderneem om sodanige foute namens lede te laat regstel nie.*

*6.2 Indien die Kredietopnemer sy/haar aanspreeklikheid vir enige aankoop of die geldigheid van 'n aankoop betwis, moet die Verskaffer die geskil met die Kredietopnemer self besleg en tree die Kredietgewer uit die geskil.*

*7. BETALINGSVOORWAARDES:*
*7.1 Die Kredietopnemer sal betaling maak van die volle bedrag verskuldig voor of op die 5de maandeliks, waarvan die eerste betaling is aanvang sal neem op eerste 5de dag van die maand na die datum waarop die kredietooreenkoms onderteken is.*

*Indien die betaling na die 5de van die tersake maand gemaak word, sal daar nie bonus aan die Kredietopnemer op daardie aankope toegeken word nie. Indien 'n internet betaling gemaak word, moet die Samba lidnommer as verwysing gebruik word en die bewys van betaling aan die Kredietgewer verskaf word.*

*7.2 Die volgende kostes (indien van toepassing) sal verhaal word deur die Kredietgewer:*
*7.2.1 Betalings by enige Poskantoor R12.89 per betaling**
*7.2.2 Betaling by Shoprite Checkers R6.00 per betaling.**
*7.2.3 Kontantbetalings by R6.00 + 0.50% van die Shoprite Checkers bedrag betaal.**
*7.2.4 Debietkaartbetalings by enige van 0.98% van bedrag die Kredietgewer se kantore betaal**
*7.2.5 Kredietkaartbetalings enige van 2.19% van bedrag die Kredietgewer se kantore betaal**

*8. ADMINISTRASIE KOSTE BY VERSUIM:*

*8.1 Indien die Kredietopnemer versuim om binne die voorgeskrewe tydperk te betaal, soos hierin voorsien, sal die volgende kostes verskuldig wees aan die Kredietgewer:*

*8.1.1 Onbetaalde debietorder: R30.00**
*8.1.2 Onbetaalde betaling by poskantoor: R38.00**
*8.2 Indien die Kredietopnemer versuim om binne die voorgeskrewe tydperk te betaal, soos hierin voorsien, sal die Kredietopnemer sy/haar bonus op daardie bedrag verbeur.*

*9. RENTE EN HEFFINGS:*
*9.1 Die Kredietopnemer is teenoor die Kredietgewer aanspreeklik vir betalings van rente op enige agterstallige bedrae welke rentekoers van tyd tot tyd deur die Raad van Direkteure van die Kredietgewer bepaal sal word en maandeliks teen die Kredietopnemer se rekening gedebiteer sal word.*

*9.2 Indien 'n betaling na die 5de, of so 'n dag wat van tyd tot tyd bepaal word van die ter sake maand ontvang word, en onderhewig aan die bepalings van paragraaf 9.1 hiervan, tree die volgende bepalings in werking:*

*9.2.1 Die Kredietgewer is geregtig om 18%* rente per jaar, of so 'n ander persentasie waarop die Kredietgewer kan besluit of soos toegelaat deur die Nasionale Kredietwet, maandeliks agteruit by te voeg by die uitstaande saldo van maand tot maand.*

*9.2.2 Nieteenstaande sub-paragraaf 9.2.1, word rekeninge wat aan die Kredietgewer se prokureurs vir invordering oorhandig word, met rente teen 24%* per jaar, of so ander persentasie waarop die Kredietgewer kan besluit of soos toegelaat deur die Nasionale Kredietwet, gedebiteer.*

*9.2.3 Die Kredietopnemer neem kennis dat vooruitbetalings op sy/ haar rekening geen rente dra nie.*

*10. VERSUIM DEUR KREDIETOPNEMER*
*10.1 Indien die Kredietopnemer se koopfasiliteite weens nie betaling of ander ongerymdhede gekanselleer word, verbeur so 'n Kredietopnemer alle bonusvoordele.*

*10.2 Die partye kom ooreen dat die eisoorsaak vir hierdie ooreenkoms ontstaan op die plek waar en wanneer die Kredietgewer bewus word van die Kredietopnemer se aanvaarding van die kwotasie.*

*10.3 Indien die Kredietopnemer enige Terme en Voorwaardes hierin vervat verbreek, sal die Kredietopnemer alle voorregte en gelde, insluitend die jaarlikse bonus en die Kredietopnemer se aandeel in die uitgestelde bonusbetalingsfonds, bedrag in sy/ haar ledevoorsieningsfonds soos gehou deur die Kredietgewer aan die Kredietgewer verbeur.*

*10.4 Die Kredietgewer behou die reg voor om indien die Kredietopnemer die terme en voorwaardes van hierdie ooreenkoms verbreek, die Kredietopnemer se rekening te sluit en die kaarte tot die rekening te kanselleer.*

*10.5 Enige van die volgende sal die Kredietopnemer in versuim plaas ten opsigte van hierdie ooreenkoms sou die Kredietopnemer nie die versuim regstel binne 10 (tien) dae vanaf die lewering van geskrewe kennisgewing deur die Kredietgewer om dit te doen nie:*

*10.5.1 indien die Kredietopnemer versuim om enige bedrag te betaal wat in terme van hierdie ooreenkoms, of enige ander bedrag ten opsigte van enige verskuldigheid van watter aard ook al verskuldig is aan die Kredietopnemer op die datum waarop dit opeisbaar is; of*

*10.5.2 die Kredietopnemer enige bepaling van hierdie ooreenkoms verbreek, of sodanige verbreking materieël is of nie,*
*10.6 Indien die Kredietopnemer in versuim is van hierdie ooreenkoms, mag die Kredietgewer:*

*10.6.1 Onmiddelike terugbetaling van die volle uitstaande balans eis;*
*of*
*10.6.2 die ooreenkoms beëindig, waarna alle bedrae aan die Kredietgewer verskuldig deur die Kredietopnemer opeisbaar en betaalbaar sal wees.*

*11. REGSKOSTES:*

*11.1 In geval dit vir die Kredietgewer nodig word om 'n rekening van die Kredietopnemer weens wanbetaling of enige ander rede vir invordering aan prokureurs te oorhandig, dan geld die volgende bepalings:*

*11.1.1 Die Kredietopnemer stem toe tot die jurisdiksie van die Landdroshof en stem toe en sal aanspreeklik wees vir al die Kredietgewer se regsonkostes, insluitende prokureurs- fooie op 'n prokureurkliënt- skaal, invorderingskommissie op alle betaling gemaak nadat die saak verwys is na 'n eksterne skuldinvorderings maatskappy of prokureur. Die Kredietopnemer stem ook toe en sal aanspreeklik wees vir enige opsporingsfooie en verstek administratiewe koste.*

*11.1.2 Indien daar enige hofgeding ontstaan uit hierdie ooreenkoms, stem die Kredietopnemer toe tot die jurisdiksie van die betrokke landdroshof, ongeag die bedrag. Dit verhoed die Kredietgewer nie om regstappe in te stel in 'n Hooggeregshof wat die gesag het om die saak te verhoor nie.*

*11.2 Die Kredietopnemer verleen aan die Kredietgewer die reg om 'n opsporingsagent aan te stel indien die Kredietopnemer in gebreke bly ingevolge hierdie ooreenkoms en die Kredietgewer nie in staat is om die Kredietopnemer op te spoor nie.*

*12. INTREKKING EN BEËINDIGING:*
*12.1 Die Kredietgewer mag te enige tyd in sy uitsluitlike diskresie die kaart terugtrek of die kaartfasiliteit herroep of die aankooplimiet van toepassing op die kaart verlaag of weier om enige verdere debiete op die Kredietopnemer se rekening toe te staan en te vereis dat die Kredietopnemer die kaart aan die Kredietgewer teruglewer. Die totale uitstaande saldo op die rekening word onmiddellik opeisbaar wanneer die kaartfasiliteit deur die Kredietgewer herroep word.*

*12.2 Die Kredietgewer is geregtig om hierdie ooreenkoms te beëindig in geval van die Kredietopnemer se nie-nakoming van enige terme van die ooreenkoms. By beëindiging sal die volle uitstaande bedrag verskuldig aan die Kredietgewer onmiddelik verskuldig, opeisbaar en betaalbaar wees.*

*12.3 Hierdie kredietooreenkoms sal vir 'n onbepaalde tydperk voortduur, maar is onderhewig aan die bepalings hierin vervat, sowel as dat dit deur die Kredietgewer gekanselleer mag word op voorwaarde dat die Kredietgewer minstens 10 (tien) besigheidsdae voor die kredietfasiliteit ingetrek of gesluit word, 'n skriftelike kennisgewing aan die Kredietopnemer rig.*

*12.4 In die geval van beëindiging van hierdie kredietooreenkoms sal alle uitstaande bedrae op die begrotingsrekening wat die Kredietopnemer met die Kredietgewer mag hê, na die Kredietopnemer se lopende maandrekening soos per hierdie kredietooreenkoms oorgedra word.*

*12.5 Indien die Kredietopnemer 'n afbetalingsreëling met die Kredietgewer tref, nadat die Kredietopnemer se rekening gesluit is, beteken die nie dat die Kredietopnemer se rekening heropen word of dat die Kredietopnemer se kredietlimiet en fasiliteit herstel is nie.*

*12.6 Die Kredietgewer kan die hof nader vir 'n bevel in terme waarvan hierdie ooreenkoms afgedwing kan word, indien die Kredietopnemer op die tydstip meer as twintig (20) besigheidsdae in versuim is en indien daar reeds ten minste tien (10) besigheidsdae verloop het nadat die kennisgewing of versuimbrief aan die Kredietopnemer gelewer is (die 10 dae-periode kan gesamentlik met die 20 dae-periode loop) en as die Kredietopnemer versuim om te reageer op die versuimbrief of die Kredietgewer se voorstelle verwerp.*

*13. ADMINISTRATIEWE KOSTE NA INTREKKING:*
*13.1 Die posgeld van 'n Artikel 129 kennisgewing beloop R39.70**
*13.2 Die fooi van 'n Artikel 129 kennisgewing vir 'n eis tot R100,000 beloop R41.04 (BTW ingesluit)**
*13.3 Die fooi van 'n Artikel 129 kennisgewing vir 'n eis bo R100,000 beloop R53.58 (BTW ingesluit)**

*14. ADRES*
*14.1 Die partye kies die volgende adresse vir alle kommunikasie en betekening van kennisgewings ten opsigte van enige regsverrigtinge wat ingevolge hierdie ooreenkoms ingestel word:*
*14.1.1 Die Kredietgewer nomineer die adres soos vermeld bo-aan hierdie ooreenkoms;*
*14.1.2 Die Kredietopnemer nomineer die volgende adres: Indien bogenoemde adres nie voltooi is nie, nomineer die Kredietopnemer soos vermeld in die aansoekvorm.*

*14.1.3 Enige van die partye mag bogemelde genomineerde adres verander na 'n ander adres by wyse van 'n skriftelike kennisgewing aan die ander Party tot hierdie ooreenkoms, op voorwaarde dat gemelde kennisgewing ontvang word deur die betrokke partye, ten minste 10 (tien) besigheidsdae voor sodanige verandering plaasvind.*
*14.1.4 Dit bly die Kredietopnemer se plig om die Kredietgewer van enige adresveranderinge en/of verandering van persoonlike besonderhede skriftelik in kennis te stel.*

*15. GEHELE OOREENKOMS EN INTERPRETASIE VAN DIE OOREENKOMS:*
*15.1 Hierdie aansoek om lidmaatskap en krediet, stel die gehele ooreenkoms tussen die Kredietgewer en die Kredietopnemer daar en geen wysiging van die terme sal bindend wees, tensy dit op skrif gestel is en geteken is deur beide die Kredietopnemer en Kredietgewer nie.*
*15.2 Die opskrifte van die paragrawe is vir verwysing alleenlik en sal nie die interpretasie van die klousules beïnvloed of affekteer nie.*
*15.3 Geen speling, verlening van tyd of ander toegewing wat gegee of toegelaat is deur die Kredietgewer aan die Kredietopnemer ten opsigte van enige betaling voorsien in hierdie ooreenkoms of die nakoming van enige ander verpligting van die Kredietopnemer hierin, sal onder enige omstandighede as 'n afstanddoening of 'n novasie of andersins enige van die Kredietgewer se regte in terme van of voorspruitend uit hierdie ooreenkoms affekteer nie, of die Kredietgewer stuit om die bepalings van die ooreenkoms, streng en stiptelik af te dwing nie.*

*16. KREDIETBURO:*
*Die Kredietopnemer bevestig dat hy/sy bewus is van die volgende en verleen toestemming daartoe:*
*16.1 Die Kredietgewer mag data aangaande die aansoek, opening en sluiting van 'n rekening aan die kredietburo, bekend as Experian, versend en Experian mag die inligting bekend maak aan die ander geregistreerde Kredietgewers en aan Experian Kredietburo kliënte vir die voorgeskrewe doeleindes.*
*16.2 Nie-nakoming van die terme en voorwaardes vervat in die Kredietooreenkoms, sal verwys word na die bogemelde Kredietburo en Experian mag sodanige inligting bekend maak aan ander geregistreerde Kredietgewers en Experian kliënte vir die voorgeskrewe doeleindes.*
*16.3 Die Kredietburo verskaf 'n kredietprofiel en kredietelling van die Kredietopnemer se kredietwaardigheid.*
*16.4 Die Kredietburo wat ingelig sal word is Experian, Experian House, Neutronlaan 3, Technopark, Stellenbosch, 7600. Tel: 086 151 4131.*
*16.5 'n Kredietopnemer is geregtig om bogemelde kredietburo te kontak en te versoek dat sy/haar rekord aan hom/haar openbaar word. Die Kredietopnemer mag daarop aandring dat onakkurate inligting reggestel word, deur Experian se oproepkantoor by 086 151 4131 te kontak.*
*16.6 Die Kredietgewer sal ten minste twintig (20) werksdae vooraf by wyse van 'n kennisgewing geadresseer aan die adres (klousule 14) van die Kredietopnemer, die Kredietopnemer in kennis stel van die Kredietgewer se voorneme om ongunstige inligting aan enige Kredietburo te versend. Enige inligting so versend aan die Kredietburo, sal beskikbaar wees aan alle ondertekenaars by gemelde Kredietburo.*

*17. REGTE VAN KREDIETOPNEMER:*
*17.1 Die maandelikse aankoop- en rekeninglimiet, soos per kwotasie wat aan die Kredietopnemer verskaf word, sal aan hom/haar geallokeer word. Indien die Kredietopnemer verlang om sy/haar aankoop - of rekeninglimiet te enige tyd te verhoog, mag hy/ sy skriftelik die Kredietgewer daartoe versoek en die genoemde versoek sal oorweeg word sodra 'n nuwe finansiële assessering voltooi word deur die Kredietgewer. Die versoek om 'n verhoging gaan nie gepaard met die jaarlikse outomatiese verhoging van die Kredietopnemer se aankoop - of rekeninglimiet nie en indien die Kredietopnemer aansoek doen in die korrekte spasie op die aansoekvorm, mag die Kredietgewer ingevolge sy absolute diskresie die versoek toestaan of weier.*
*17.2 Die Kredietopnemer mag, in terme van sub-Regulasie 10A van die Wet, wie se versoek vir krediet of verhoging van sodanige krediet geweier is, te enige tyd 'n skriftelike klagte in terme van Artikel 134 of 136 van die Wet by die Kredietgewer indien vir dispuut resolusie.*
*17.2.1 Die Kredietgewer moet poog om die klagte binne veertien (14) besigheidsdae na verkryging van die klagte vanaf die ombudsman in terme van Artikel 134 aan te spreek.*
*17.2.2 Indien die klagte nie behoorlik aangespreek word deur die Kredietgewer binne die periode na verwys in Sub-regulasie 10A(15), mag die Kredietopnemer die Nasionale Kredietreguleerder nader vir bystand.*
*17.2.3 Die Nasionale Kredietreguleerder moet die klagte binne sewe (7) besigheidsdae aanspreek.*
*17.2.4 Indien die Nasionale Kredietreguleerder 'n kennisgewing van nie-verwysing uitvaardig in antwoord op die klagte, mag die Kredietopnemer die aangeleentheid direk na die Nasionale Verbruikerstribunaal verwys, onderworpe aan laasgenoemde se prosedurele reëls.*
*17.3 Indien die Kredietopnemer die Kredietgewer versoek het om outomaties die aankoop- en rekeninglimiet van tyd tot tyd te verhoog, sal die Kredietgewer dit eensydig ingevolge die betrokke Wet doen.*
*17.4 Die Kredietopnemer sal jaarliks bonus ontvang soos bekend gemaak deur die Kredietgewer in terme van die Akte van Oprigting en die Statute van die Kredietgewer. Hierdie bonus is gebaseer op bydraes deur aankope gemaak gedurende die finansiële jaar van die Kredietgewer, welke datums September tot Augustus is en wat inwerking sal tree as 'n krediet op die daaropvolgende November se staat.*

*17.5 Die Kredietgewer sal gereelde bydraes maak tot die absolute diskresie van die Kredietgewer, tot die Kredietopnemer se Uitgestelde bonusbetalingsfonds wat gehou word in terme van die Akte van Oprigting en Statute van die Kredietgewer. Die fonds gehou in die Kredietopnemer se Uitgestelde bonusbetalingsfonds sal aan die Kredietopnemer betaal word by beëidiging van lidmaatskap, behalwe in die geval waar lidmaatskap beëindig word as gevolg van enige versuim in terme van die ooreenkoms, deur die Kredietopnemer.*
*17.6 Die Kredietopnemer mag van tyd tot tyd 'n "Lys van Verskaffers" aanvra van wie aangewese Verskaffers is, met wie die Kredietgewer gekontrakteer het.*
*17.7 Die Kredietopnemer sal geregtig wees om die Sambakaart aan die Verskaffers in die plek van betaling te tender, en onderhewig aan paragrawe 6 en 17.6 hierin vervat, sal die Kredietgewer verplig wees om betaling van die aankope van die Kredietopnemer aan die betrokke Verskaffer te bewerkstellig.*
*17.8 Die Kredietgewer sal nie aanspreeklik wees om betaling in verband met enige aankope deur die Kredietopnemer by 'n handelaar, wie nie as 'n Verskaffer hierin gedefinieer word nie, te bewerkstellig nie.*
*17.9 Die Kredietopnemer kan aansoek doen vir 'n wentel kredietfasiliteit, lening of AVO na twaalf (12) maande van lidmaatskap en indien dit goedgekeur word, sal die paaiement maandeliks teen die Kredietopnemer se lopende algemene Sambarekening gedebiteer word.*
*17.10 Die Kredietopnemer kan te enige tyd by wyse van 'n geskrewe kennisgewing aan die Kredietgewer versoek om die aankooplimiet ingevolge hierdie kredietooreenkoms te verminder.*
*17.11 Die Kredietopnemer is geregtig om die volgende te doen:*
*17.11.1 Aansoek te doen by 'n Skuldberader om te verklaar dat die Kredietopnemer te veel skuld het.*
*17.11.2 'n Klag met betrekking tot die Kredietgewer by wyse van alternatiewe geskilbeslegting op te los.*
*17.11.3 'n Klag met betrekking tot die Kredietgewer by die Nasionale Kredietreguleerder in te dien;*
*17.11.4 'n aansoek by die Tribunaal te loods.*
*17.12 Die Kredietopnemer bevestig en plaas op rekord dat hy/sy ingelig is van die kontakbesonderhede van:*
*17.12.1 Nasionale Kredietreguleerder en Tribunaal soos volg:*
*15de Straat 127, Randjiespark, Midrand, Tel: 011 554 2600,*
*Faks: 011 484 6122, Oproepsentrum: 0860 627 627 of 0860 NCR*
*NCR, Epos: info@ncr.org.za of complaints@ncr.org.za, Webblad: www.ncr.org.za. Nasionale Verbruikerstribunaal: 012 663 5615*
*(t) of Epos: Registry@thenct.org.za,*

*17.12.2 Krediet Ombudsman is: Fern Ridge Office Park, Hunterstraat 5, Johannesburg, Oproepsentrum 086 166 2837 of 0861 OMBUDS, Epos: ombud@creditombud.org.za, webblad: www.creditombud.org.za.*
*17.12.3 Ombudsman vir Finansiële Dienste is: Posbus 74571, Lynwood Ridge, 0040, Tel: 012 470 9080, Oproepsentrum: 086 032 4766 (0860 FAISOM), Epos: info@faisombud.co.za*
*17.13 Indien die Kredietopnemer versuim om betaling te maak in terme van hierdie ooreenkoms, sal die Kredietgewer skriftelik kennis gee aan die Kredietopnemer en voorstel dat die Kredietopnemer die ooreenkoms verwys na 'n skuldberader met die bedoeling dat die partye die dispuut oplos of op 'n plan ooreenkom om betalings op datum te bring.*
*17.14 Indien die Kredietopnemer vir skuldberading aansoek gedoen het in terme van Art 86 van die Wet en die aansoek is nie gefinaliseer binne sestig (60) besigheidsdae nadat hy/sy daarvoor aansoek gedoen het nie, mag die Kredietgewer 'n kennisgewing uitstuur waarin die Kredietgewer sodanig aansoek om skuldberading termineer in terme van Art 86(10) van die Wet.*
*18. VERPLIGTINGE VAN KREDIETOPNEMER:*
*18.1 Die maandstaat en saldosertifikaat (na verwys in klousule 5) dien as prima facie bewys van die Kredietopnemer se verpligtinge teenoor die Kredietgewer met betrekking tot aankope en die Kredietopnemer onderneem hiermee dat die onus om die teendeel te bewys, op die Kredietopnemer berus.*
*18.2 Die Kredietopnemer waarborg en onderneem om nie die aangewese aankoop- en rekeninglimiet te oorskry nie.*
*18.3 Indien die Kredietopnemer nie sy/haar Sambarekening volgens die voorwaardes of tot bevrediging van die Kredietgewer hanteer nie, sal die Kredietgewer die reg hê om die uitstaande saldo van die Sambarekening onmiddellik te vorder.*
*18.4 Die goedgekeurde aankoop- en rekeninglimiet soos per hierdie getekende kwotasie, mag nie deur die Kredietopnemer oorskry word nie en enige oorskryding wat mag voorkom, sal in sy geheel onmiddellik opeisbaar en betaalbaar wees.*
*18.5 Indien die Kredietopnemer se kredietfasiliteite of lidmaatskap by die Kredietgewer gekanselleer of opgeskort word, sal die uitstaande saldo van die Sambarekening saam met die finansieringskoste onmiddellik in sy geheel betaalbaar wees.*
*18.6 Die Kredietopnemer het nie die reg om enige transaksie wat op hierdie kaart aangegaan is, agterna te herroep of te kanselleer nie. Indien daar wel 'n dispuut in verband met die geldigheid van die kaart of in verband met 'n Artikel ontstaan, sal die dispuut direk tussen die Kredietopnemer en die Verskaffer besleg word.*
*18.7 Die Kredietgewer sal geregtig wees om enige aansoek om 'n lidmaatskap en krediet na eie diskresie af te keur of te weier.*
*18.8 Die Kredietopnemer onderneem om aan die Kredietgewer alle koste soos vervat in die kwotasie en in hierdie kredietooreenkoms te betaal, soos vervat in die Kredietopnemer se maandstaat van tyd tot tyd wat administratiewe koste en rente soos uiteengesit insluit.*

*18.9 Die Kredietopnemer onderneem om aan die Kredietgewer alle/enige bedrae te betaal wat deur die Kredietgewer aan die Verskaffers betaal sal word vir aankope gedoen deur die Kredietopnemer of enige ander persoon soos omskryf in paragraaf*
*2.1.1, welke bedrag betaal sal word aan die Kredietgewer voor of op die betaaldatum. Hierdie verpligting om betalings aan die Kredietgewer te bewerkstelling, is onvoorwaardelik en onherroepbaar, ongeag of:*

*18.9.1 Die Kredietopnemer of enige ander persoon by wyse van die Sambakaart vir aankope betaal het; en/of*
*18.9.2 Die aangetekende bedrag met betrekking tot sodanige aankope korrek is of nie; en/of*
*18.9.3 Daar 'n geskil tussen die Kredietgewer en die Kredietopnemer is; en/of*
*18.9.4 Die verskaffer geregtig is om die betaling van ander bronne te ontvang.*

*19. VIR EN NAMENS REGSENTITEITE*
*Indien die Kredietopnemer ingevolge hiervan 'n Beslote Korporasie, Privaat of Publieke Maatskappy, Trust of enige ander regsentiteit is, waarborg die persoon wie hierdie aansoekvorm en die kwotasie namens die entiteit teken en aanvaar, dat h y/sy behoorlik daartoe gemagtig is en aanvaar hy/sy as borg en mede-hoofskuldenaar van die betrokke entiteit aanspreekl ikheid vir die betaling van die verskuldigde bedrag ingevolge hiervan.*

*20. BEPALINGS VAN DIE STATUUT*
*Die Kredietopnemer neem kennis en aanvaar dat die bepalings van die Statuut van die Kredietgewer tesame met die terme en voorwaardes van hierdie kredietooreenkoms op die Kredietopnemer uithoofde van sy lidmaatskap aan die Koöperasies van toepassing is.*

Let wel:
1. Indien u JA gekies het op enige van die opsies, kan u dit steeds in die toekoms verander deur die woord STOP per kerende sms of epos aan die Kredietgewer te stuur.
2. Indien u NEE op sekere van die opsies gekies het, kan dit gebeur dat u belangrike inligting vanaf die Kredietgewer nie ontvang nie.
3. Indien u opsie 5 as JA gemerk het, sal u inligting ontvang waarvoor die Sambaleweransier betaal het en is Samba geensins verantwoordelik vir die inhoud van daardie aanbieding nie en weerspieël dit nie die siening van Samba nie
4. Dit is die Kredietgewer se beleid om nie kliëntelyste te verkoop of te versprei nie.